

24 Desember

Skrifgedeelte: Spreuke 24:13-22

Fokusgedeelte: NGB, Art 36

Die taak van die onderdaan – geen oproerigheid nie

God het goeie bedoelings met sy kinders en Hy wil die beste vir ons gee. Hy wil dit met ons goed laat gaan. Soos elke vader, wil God bederf; Hy deel lekkers aan sy kinders uit – Hy wil hê sy kinders moet heuning eet! (vers 13). (Natuurlik nie te veel nie [Spr 25:16]!) Hy wil jou 'n toekoms gee, sê die Spreukedigter (vers 14).

Maar om daardie soet toekoms in besit te neem moet jy wýs lewe. Dit beteken om gelowig en gehoorsaam te lewe volgens die kennis wat God in sy Woord gee. Die stukkie wysheid wat God vandag aan jou wil gee met die oog op 'n mooi toekoms is dat jy jou moet weerhou van “oproerigheid”. Oproerigheid as opstand teen die owerheid is eintlik opstand teen God self (Rom 13:2). Dit het altyd slegte gevolge (vers 22). Daar is baie voorbeelde van pragtige begaafde jongmense wat met skewe idealisme verlei is tot oproerigheid. Die skade aan hulle toekoms is dikwels onherstelbaar. Ook in die tyd toe die NGB geskryf is, was dit vir Guido de Bres belangrik dat Gereformeerdes nie as “oproeriges” gesien moet word nie.

Om oproerigheid te vermy, maak seker dat jy ons Skrifgedeelte se riglyne navolg:

Moet nooit 'n medegelowige skade berokken nie (vers 15-16).

Moet jou nie verlekker oor ander se teëspoed nie (vers 17-18).

Moet jou nie vererg en geweld gebruik teen goddelose mense nie (vers 19-20).

Wees in alle goeie dinge diensbaar aan God en owerheid (vers 21).

Slegte mense het nie 'n toekoms nie (vers 20). Skaar jou eerder by diegene wat God en die owerheid dien en, soos wat in vers 14 gesê word, “jou hoop sal jou nie ontnem word nie.” Jy sal heuning eet!

DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)